St. Willem van Vercelli

25 Junie

(1085-1142)

Willem (Guglielmo in Italiaans) is in die Italiaanse stadjie Vercelli gebore. Op ‘n jong ouderdom ontval albei sy ouers hom en hy word deur familie groot gemaak. Hy was maar 14-jaar oud toe hy op ‘n pelgrimstog na Santiago de Compostela in Spanje gaan. By sy terugkeer gaan woon hy as kluisenaar teen die berghange van Monte Vergine naby die stad Benevenuto. Daar lei hy ‘n eenvoudige lewe toegewy aan gebed. Met verloop van tyd het soveel geesdriftige manne by hom kom aansluit dat hy hulle noodgedwonge in ‘n kloostergemeenskap moes organiseer. Later stig hy nog kloosters by Conza, Guglietto en Salerno in die koninkryk van Napels waar hy ook die vertroueling en raadgewer van koning Roger I word.

© Die Oratorium Uitgewery